Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Bedieningstema Oktober 2024
Gebedsbediening – Hand. 1:14
6 Oktober 2024

09:30 OGGENDEREDIENS:
Ds. Daan Bakker

Tema: OM GOD SE WIL "NOORD" TE SKUIF

Vir baie geslagte het die priesters die sonde-offers, brandoffers en spysoffers op daardie altaar geoffer, maar nou het Agab 'n baie mooier altaar in Damaskus gesien: Een wat baie meer indrukwekkend is en aanskoulik is soos die heidene vir hulle afgode bou. Hy laat dadelik 'n plan teken van daardie altaar en sorg ook vir n presiese afdruk daarvan in beeld en hy stuur dit Jerusalem toe om net so een te laat bou. Wanneer hy self in Jerusalem kom doen hy groot verskuiwings in die voorhof van die tempel. So lees ons: Maar die koperaltaar wat voor die aangesig van die Here was, het hy van die voorkant van die huis gebring, tussen sy altaar en die huis van die Here uit, en dit aan die noordekant van sy altaar gesit. Hy skuif die altaar wat God beplan het vir sy volk "Noord" weg van sy sentrale plek om eenkant in onbruik te raak. Daarmee skuif Agab ook God uit die pad uit om sy eie planne 'n werklikheid te maak al kos dit ook al die tempel se goud en silwer om die koning van Assirië tevrede te hou.
OM GOD SE WIL "NOORD" TE SKUIF

Lofsang ter voorbereiding van die erediens:
Lied 203 : 1, 2, 3; Lied 207: 3, 5

God en ons ontmoet mekaar:
Lied 164: 1,2; Votum; Seën; Ps. 103-1: 1, 2, 9; Belydenis: Lees Lied 261 as belydenis voor

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Levitikus 19 vers 1-4 en 9-18;
Lied 276: 1, 2; Gebed

God bedien aan ons sy Woord:
Skriflesing: 2 Konings 16:10-20;
Eksodus 27:1-6;
Sing Lied 434: 1, 2 (kleuters gaan na hulle bediening); Woordbediening

Ons antwoord op die Woordbediening:
Gebed; Liefdegawe by die deure; Ps. 40 - 1: 3, 4; Seën; Amenlied Skrifb 13-2.

18:00 AANDDIENS:
Student Pieter Deysel

Tema: God verneder elkeen wat hoogmoedig is en verhoog elkeen wat nederig is, daarom moet ons groei in nederigheid.

ONTMOETINGSDIENS
Intreelied Ps. 33-1: 1 en 3; Votum; Seën; Loflied: Ps. 111-1: 1 en 2; Gebed

WOORDDIENS
Skriflesing: Lukas 18:9-14;
Fokusverse: Vers 14; Woordverkondiging

ANTWOORDDIENS
Gebed; Sing Ps. 75-1: 1 en 4; Seën;
Amenlied Sb. 13-2.

🙏OKTOBER 2024🙏

Hand. 1:14 *"Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by."*

Hoe bid ek (vir myself en vir ander)?

1. **"Kol. 4: 2** "*Volhard in die gebed. Wees daarby waaksaam en dankbaar*.."
   Moenie ophou bid vir jou geliefdes nie. Volhard beteken om konsekwent kragtig aan te hou, vol te hou en deur te druk.
   Bid: Wat hulle ook al dra, ek bid dat U hulle sal help om dit te dra. Help hulle om te weet hoe lief U hulle het. Breek alles af wat in die pad staan om U te leer ken. Help my om nie op te hou om vir hulle te bid nie, en wys my hoe om vir hulle te bid.

2. **Kol, 4:3 "***en bid tegelykertyd ook vir ons, bid dat God vir ons 'n deur vir die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig waarvoor ek hier gevange sit,"*
   Wanneer ons begin bid vir geleenthede om God se liefde te betoon/wys, sal God daardie gebed beantwoord.
   Bid: Vra vir geleenthede om die beste nuus ooit (dit wat Jesus kom doen het) te deel met dié wat jy ken of met mense wat jy teëkom, vir moed om deur daardie deure te stap wanneer hulle oopgaan.

3. **Kol. 4:4** *"Bid dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is."*
   Bid: Vra God om my/jou moed te gee terwyl jy Jesus se evangelie deel. Bid dat Hy vir jou die regte woorde gee, dat jy duidelik is wanneer jy die goeie nuus oor God se liefde met hulle deel en op 'n manier wat hulle kan ontvang en verstaan.

4. **Kol. 4:5** *"Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is, maak die beste gebruik van elke geleentheid"*
   Bid: Onse Vader, gee asseblief vir my wysheid vandag. Wys vir my met wie ek 'n vriendskap kan bou. Help my om my tyd goed te bestuur sodat ek in ander kan belê. Ek bid dat U vir my empatie en medelye vir ander sal gee, en dat ek altyd bewus sal wees van hoe ek U verteenwoordig aan dié wat U nie ken nie.

5. **Kol 4:5** *"Wat hulle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig, en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord."*
   Bid: Laat ek asseblief die regte woorde sê wanneer ek met mense praat wat seer het en wat U nie ken nie. Help my om konsekwent te luister na mense. Ek wil 'n leerder/leerling wees van die Woord van God. Ek wil die waarheid wys en uitleef van hoe liefdevol U is.

MEELEWING

- Tannie Annette Coetsee het Woensdagaand na haar hemelse tuiste vertrek. Ons bid vir Eddie en Ansa Coetsee en hulle hele familie die Here se troos toe. Sy word DV Donderdag begrawe. Ter aarde bestelling om 11:00 en diens om 12:00 in ons kerk.

- Christo van der Walt ondergaan more ‘n skoueroperasie om herstelwerk aan die skouerspiere en bene te doen.
- Marie Oosthuizen is in Wilmed Hospitaal opgeneem vir toetse en behandeling. Dit blyk dat die kanker wel ‘n bietjie maar na haar longe versprei het en daar sal nuwe besluite oor die behandelingspad geneem moet word.
- Paul en Marie du Plessis se skoonsuster, Ansie du Plessis, is oorlede. Sien berig hieronder oor haar rol in die GKSA.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS GROET

- Gerhard, Hanlie en Dewald du Plessis wat met attestaat na GK Potchefstroom Die Bult vertrek.
- Werner Schoeman wat met attestaat na GK Magalieskruin vertrek.

BAIE GELUK

Christiaan Alberts en Rias Scholtz en hulle ouers. Christiaan en Rias het beide silwer gekry by die PD Voorslagkamp (Voortrekkers).

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp,Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie, les 26
Tee en koffie
18:00 Aanddiens

Maandag
Diakoniedagbestuur skuif na 14 Okt

Dinsdag
Geen Manne Ondersteuningsgroep
Geen Katkisasie gr 8 - 10

Woensdag
09:30 Bybelstudie
18:00 Susterbestuur
18:00 Katkisasie gr 11

Donderdag
17:30 “Griefshare”-bediening

Vrydag
Geen Jeugaand - skuif na 25 Oktober

DS PIET MET VERLOF

Ds Piet is met verlof tot Dinsdag.

SAKE VAN DIE KERKRAAD

Name voorgehou vir die dienswerk van ouderling

Die Kerkraad hou die volgende lidmate se name aan die gemeente voor vir goedkeuring om in die diens van ouderling te dien:
JD Aucamp, Kobus van der Walt, Hendrik Naude, Meyer Joubert en Roelf van Wyk.

Wit Olifant projek ten bate van Ikageng Kerkplant (Matlwang) (Groep 25 Bediening-na-Buite inisiatief)

Terwyl almal besig is om bietjie ‘n Lente-opruim by die huis te doen, vra ons wyk julle hulp. Enige goeie, bruikbare en werkende ‘wit olifante’ wat rondstaan of rondlê of rondhang en julle nie meer gebruik nie (meubels , gereedskap en ook daardie klere wat jy nog altyd – maar nou beslis gaan

uitgooi) word benodig. Bring dit skuur toe of laat weet en ons kom haal dit sommer. Weet jy van groente kweek en kompos maak? Kan jy help met die beplanning van ‘n Nasorg-sentrum? Weet jy dalk waar ons ‘n ‘container’ kan kry? Kan jy ‘n vrag bogrond skenk of borg? Kan jy help om ‘n donkiekar te bou om water te vervoer?
Kontak Naas Ferreira 082 897 3966 of naas.ferreira@nwu.ac.za.

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Emeritusfonds (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Thusofonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 22 en 23.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 6 Oktober
Jsr Carmien Pretorius

Maandag, 7 Oktober
Sr Annemie Kruger

Dinsdag, 8 Oktober
Sr Rieëtte Venter

Woensdag, 9 Oktober
Sr Engela v Rooyen

Donderdag, 10 Oktober
Jsr Reitzel Steyn

Vrydag, 11 Oktober
Sr Velize de Bruyn
Jbr Rias Scholtz
Sr Sue-Marie v Vuuren

Saterdag, 12 Oktober
Sr Liekie Scheepers *
Jbr CH v Vuuren

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

DANKBAARHEIDSFEES - 19 OKTOBER - HOU DIE DATUM OOP!

GKSA-NUUS

Beroepbaar gestel

Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat Proponent Quintin Venter se gesondheid verbeter het sodat hy nou **weer in staat is om 'n beroep in die GKSA te oorweeg en DV te kan opvolg**. Quintin was voorheen geëksamineer kragtens Kerkorde Artikel 4 op 24 April 2023 tydens 'n Classis Contracta van Klassis Trans-Magalies waarna daar besluit is om hom binne die GKSA beroepbaar te stel.

Oorlede:

- Dr Jan Visser, emerituspredikant van GK Brakpan, is op 29 September 2024 oorlede. Dr Visser was die predikant van GK Bethlehem 1956-1959, GK Primrose 1959-1969, GK Linden 1969-1974, GK Rustenburg-Wes 1974-1980 en GK Brakpan-Suid 1980-1997.

- Prof Gert Breed, emeritusprofessor van die Teologiese Skool Potchefstroom, is op 29 September 2024 oorlede. Prof Breed was die predikant van GK Oudtshoorn 1981-1984, GK Pretoria-Wes 1985-1995, GK Bronkhorstspruit 1995-2001, GK Randburg 2001-2010, en professor aan die Teologiese Skool Potchefstroom 2011-2020. Ons innige simpatie betuiging aan sy eggenote Mariaan, kinders en kleinkinders asook sy broer en skoonsuster, dr Douw en Elize Breed, emerituspredikant van GK Waterkloofrand.

- Mev Ansie du Plessis, voormalige redaktrise van die Gereformeerde Vroueblad, is op 30 September 2024 oorlede. Ansie het ’n groot bydrae gelewer in die Gereformeerde Kerk deur haar diens op die deputate Kerklike Tydskrifte, veral met haar betrokkenheid by die Gereformeerde Vroueblad van 1991 tot 2000, waar sy as voorsitter van die Redaksiekommissie en redakteur gedien het. Vir jare lank het sy die geliefde rubriek "Kaleidoskoop" onder haar sorg gehad, en haar passie vir skryf wat het gelei tot boeke soos “Leef ek reg?”, “Papirus en parfuum” en “Oor die Dood, uit die Woord”.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

SUSTERS

2 KOR. 7:1 "... LAAT ONS ONS DAN REINIG VAN ALLES WAT LIGGAAM EN GEES VERONTREINIG, EN ONS IN GEHOORSAAMHEID AAN GOD VOLKOME AAN HOM TOEWY."

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee en koffie word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Carin Kloppers en groep 7, Marian de Kock en groep 15, Marie Oosthuizen en groep 25, asook Nauma Blom en groep 33.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

KANSA

CANSA
Research • Educate • Support

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal. Daar is ook koevertjies in die voorportaal beskikbaar, spesiaal vir KANSA-bydraes!

BAIE DANKIE

Liewe Susters,
Graag wil ek net sê baie dankie vir die lekker souttert wat ek met my verjaarsdag ontvang het. Dit was ‘n welkome bederf. Liefde, Lallie v Zyl

SUSTERSAFSLUITING: 15 OKTOBER

Liewe Susters. Julle word vriendelik uitgenooi na die Sustersafsluitingfunksie op 15 Oktober. Meer besonderhede sal in die volgende Dienelkander verskyn.

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
Okt - Nov	**-**	**-**	**Almal**	**Kansaprojek**
9 Okt	**Woensdag**	**18:00**	**Bestuur**	**Sustersbestuursvergadering**
15 Okt	Dinsdag	18:30	C	Potch-Oos Sustersafsluiting
19 Okt	Saterdag	16:00	Diakonie	Dankbaarheidsfees
23 Okt	Woensdag	10:00	Rieëtte	Seniorlidmate: Afsluiting
17-Nov	Sondag	12:00	D	Nagmaalete
28 Nov - 7 Des	Don - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.

Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Student Pieter Deysel – 079 695 0027
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch